

# Die Slanghoofman

“Die Slanghoofman” verskyn in *Die Madiba-boek: Nelson Mandela se gunsteling-stories vir kinders*, uitgegee deur Tafelberg. Dit is in Afrikaans oorvertel deur Engela van Rooyen. Illustrasie deur Niki Daly.

NANDI IS 'N BAIE ARM VROU. Haar man is dood en sy het nie seuns wat kan vee oppas nie, net een dogter om in die mielieland te help.

In die somer wanneer die umdoni-bome oortrek is van roomkleurige bloeisels, grawe sy en haar dogter amadumbe uit om saam met hulle impuphu te eet. Maar in die herfs as al die blomme afgeval het, oes Nandi die ryp pers umdoni-bessies om van te lewe. Sy ruil daarvan by die bure vir repe gedroogde bokvleis of kalbasse vol dik, romerige amasi.

Een warm dag gaan Nandi soos gewoonlik rivier toe om bessies te versamel, maar sy kry niks. Hoe sy ook al rondkyk, daar is nie 'n enkele bessie te sien nie.

Skielik hoor sy 'n harde gesis bo haar kop. Verskrik kyk sy op en sien 'n yslike grys-groen slang styf opgekrul om die donkerrooi boomstam. Sy kop swaai tussen die takke rond en hy is besig om al die bessies op te vreet.

“Jy steel my bessies!” roep Nandi uit. “Ag, Slang, jy steel ál my bessies. Hoe sal ek vleis kan ruil as jy die hele oes vir jōu vat?”

Slang maak weer 'n harde siggeluid en begin teen die boomstam afseil. Nandi is bang – maar as sy weghardloop, gaan daar geen bessies vir haar oorbly nie.

“Wat kry ek in ruil vir die umdoni-bessies?” sis Slang. “Sal jy jou dogter vir my gee as ek jou toelaat om jou mandjie vol te pluk?”

“Ja!” roep Nandi uit. “Ek sal haar vir jou gee, vanaand nog. Laat my tog net toe om my mandjie vol te maak.”

Maar die oomblik toe Nandi met haar mandjie vol bessies die pad vat, begin sy bewe van berou. Hoe kon sy haar dogter vir daardie aaklige monster belowe het? Sy moet seker maak dat Slang nie uitvind waar sy woon nie. Sy moet liever nie reguit huis toe gaan nie, ingeval hy haar dophou.

Sy steek die rivier oor waar die water vlak oor die klipplaat vloei. Op die oorkantste oewer glip sy ongesiens deur die ruigte tussen die

doringbome. Sy kom nie agter dat 'n pendoring haar velromp skeur en dat 'n stukkie van die romp aan die tak bly sit nie.

Geruisloos vind sy haar pad deur die rietbos. Nou moet sy nog deur die diep waterkuil kom. Terwyl sy haar oë oophou vir Krokodil, waad sy versigtig oorkant toe. Sy kom nie agter dat 'n vet pers bessie uit haar mandjie rol en agter haar op die water bly dobber nie.

Koes-koes probeer sy die skuiling van 'n yslike miershoop bereik. As sy net eers daar is, kan sy nie so maklik van die umdoni-bome af gesien word nie. Maar sy trap per ongeluk in die gat wat lei na Waterrot se geheime tunnel. Sy kom nie agter dat drie krale van haar enkelring in die sagte bruin grond bly lê nie.

Eindelik kom sy by die huis aan en roep dadelik na haar dogter. “My kind, ek het 'n verkeerde ding gedoen,” sê sy. “Ek het Slang belowe ek sal jou vir hom gee in ruil vir hierdie mandjie bessies.” Toe bars sy in trane uit.

Intussen het Slang uit die boom geseil om Nandi agterna te sit. Sy kop wieg hierdie kant toe en daardie kant toe soos hy rondkyk. Daar sien hy 'n stukkie vel aan 'n pendoring vassit. Nou weet hy watter pad om verder te vat.

Hiernatoe en daarnatoe wieg Slang se kop weer, totdat hy 'n vet pers bessie op die water van die diep kuil sien dryf. Nou weet hy watter pad om verder te vat.

Hiernatoe en daarnatoe wieg Slang se kop weer, totdat hy drie krale by die bek van Waterrot se tunnel sien lê. Nou weet hy watter pad om verder te vat.

Net toe Nandi in trane uitbars, hoor sy 'n harde gesis by die ingang van die hut. Daar seil Slang binne, sy grys-groen lyf die ene kronkels.

“Nee! Nee!” roep Nandi uit. “Ek het 'n fout gemaak om te belowe. Ek kan nie my dogter vir jou gee nie!”

Die meisie kyk op. Haar oë is sag en sonder vrees.

“Moeder,” sê sy, “’n belofte is ’n belofte. Moeder moet my sekerlik vir Slang gee.” Sy steek haar hand uit en streef die grysgroen kop. “Kom,” sê sy, “ek gaan vir jou iets te ete haal.”

Sy gaan haal vir hom ’n kalbas vol romerige amasi om te drink. Toe vou sy haar eie karos mooi netjies om ’n slaapplek vir haar slangmeester te maak.

Diep in die nag roer Nandi in haar slaap. Is dit Luiperd wat gehoes het? Of het Hiëna teen die maan gehuil? Iets het haar wakker gemaak, en sy moet uitvind wat dit is. Sy lig haar kop op en luister fyn.

Dis stemme wat sy hoor. Haar dogter s’n, en nog een wat sy glad nie ken nie ... ’n diep, sterk stem.

Geruisloos kruip Nandi tussen haar karosse uit. Wat is dit wat sy sien? Sy kan haar oë nie glo nie. Is sy nog vas aan die slaap en besig om te droom? Want by haar dogter sit ’n pragtige jong man, lank en donker en sterk. Hy lyk soos die seun van ’n hoofman ... of dalk is hy self ’n hoofman.

Haar dogter is besig om krale in te ryg, op die patroon wat die jong meisies gebruik as hulle gaan trou. Die jong man praat sag en liefdevol met haar terwyl sy werk.

Nandi kyk na die karos wat haar dogter vir Slang gevou het. Al wat sy daar sien lê, is ’n lang, opgekrulde, skubberige vel. Sonder om te dink, gryp sy dit en gooi dit in die vuur wat in die middel van die hut smeul.



“Nou is die toorkrag gebreek,” praat die jong hoofman. “Want ’n goeie meisie het haar oor my ontferm, en ’n dwase ou vrou het my vel verbrand.” Maar ten spyte van die skerp woorde, glimlag hy vriendelik met Nandi.

Nandi het nou drie kleinkinders. Daar is ’n seun wat die vee oppas en twee meisiekinders wat haar help om die mielieland te skoffel en amadumbe uit te grawe.

Dit is ook nie meer nodig dat sy umdoni-bessies versamel nie, want daar is genoeg kos vir almal.



It starts with a story...